Wes-Kaapse Onderwysdepartement
Devigi Pillay
Direktoraat: Diensvoordele
Devigi.Pillay@westerncape.gov.za | 021 467 2477

Lêerno.: 3/3/2/4/4
Verwysing: IMS 20221123-9251

Omsendbrief: 0045/2022
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame van openbare skole, en erkende werknemerpartye

Kort opsomming: *Verbeterde diensvoorwaardes vir werknemers (salarisvlakke 1 tot 12).*

Onderwerp: Verbeterde diensvoorwaardes vir werknemers op salarisvlakke 1 tot 12 asook werknemers wat deur beroepspesifieke bedelings gedek word: Lewenskoste-aanpassing – 01 April 2022

1. Die Departement van Staatsdiens en Administrasie het Omsendbrief 50 van 2022, gedateer 26 Oktober 2022, uitgereik, wat die verbeterde diensvoorwaardes vir werknemers op salarisvlakke 1 tot 12, asook werknemers wat deur beroepspesifieke bedelings (BSB's) gedek word, uiteensit.

2. Soos in bogenoemde omsendbrief uiteengesit, sal werknemers op salarisvlakke 1 tot 12 die volgende voordele ontvang:

2.1 Die werkgewer sal voortgaan om **tot en met 31 Maart 2023** 'n maandelikse, niepensioengewende kontanttoelae aan alle werknemers te betaal wat op of ná 01 April 2022 aangestel is.

2.2 Die werkgewer sal met ingang van 01 April 2022 'n pensioengewende salarisaanpassing van 3% aan alle werknemers in die staatsdiens op salarisvlakke 1 tot 12, asook daardie werknemers wat deur BSB's gedek word, betaal.

2.3 Die werkgewer (elke departement) sal die betaling van salarisvorderings aan alle kwalifiserende werknemers in die staatsdiens vir die 2021/22-prestasiesiklus terugwerkend vanaf 01 Julie 2022 verwerk ingevolge enige of al die bepalings van die Koördinerende

Bedingingsraad vir die Staatsdiens, asook sektorale ooreenkomste wat die betaling van salarisvorderings reguleer, met inbegrip van die Aansporingsbeleidsraamwerk.

2.4 Werknemers wat 'n totale vergoedingspakket van die werkgewer (*total cost to employer*) ontvang, kan hul pakkette herstruktureer, indien hulle dit verkies.

3. Bogenoemde verbeterde diensvoorwaardes is programmaties op die PERSAL-stelsel geïmplementeer.

4. Enige foute (oor- of onderbetalings) wat uit die implementering van die programmatiese aanpassings voortspruit, sal reggestel word.

5. Salarisskale sal op die Direktoraat: Diensvoordele se webblad beskikbaar wees: https://wcedonline.westerncape.gov.za/directorate-service-benefits

6. Lynbestuurders/toesighouers word aangemoedig om hulself van die bostaande aanpassings te vergewis en word versoek om die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van al die werknemers onder hul toesig te bring.

GETEKEN: B WALTERS
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2022-11-29